‘n Konsep Gedragskode vir Godsdienste in Suid-Afrika (2)

1. Begeleidende Brief

25 Junie 2018

Beste Vriende,

Ek skryf hierdie brief aan u namens die **Suid-Afrikaanse Raad vir die Beskerming en Bevordering van Godsdiensregte en -vryhede (SA Raad vir Godsdiensregte en -vryhede).**

Gedurende die afgelope maande het ons kennis geneem van die verslag van die *Kommissie vir Kultuur-, Godsdiens- en Taalregte* onder die titel *The Commercialisation of Religion and Abuse of People’s Belief Systems.* Die verslag bevat inderdaad baie verontrustende inligting oor hoe godsdiens in Suid-Afrika gekommersialiseer word en mense se geloofsoortuigings misbruik word – en dit is ‘n proses wat steeds aangaan. Ons lees daagliks van seksuele misbruike en godsdienstige wanpraktyke wat dwarsoor ons land aangaan binne kerke en godsdienste. Iets moet gedoen word om oortreders tot verantwoording te roep.

Waar landswette oortree word en misdaad gepleeg word behoort die owerhede in te tree en die wette toe te pas. *Die SA Raad vir Godsdiensregte en -vryhede* is van mening dat enige regulering van godsdiens deur die Staat inkonsekwent sal wees met betrekking tot die reg tot godsdiensvryheid en sal as sodanig oneffektief wees. Dit is ons vaste oortuiging dat godsdienste in Suid-Afrika self die verantwoordelikheid moet aanvaar om hulle huis in orde te kry. Die *Raad vir Godsdiensregte en- vryhede in Suid-Afrika,* saam met talle kerke, godsdienste en godsdienstige liggame is van mening dat ons ‘n **Gedragskode vir Godsdienste in Suid-Afrika** nodig het waarin die verpligtinge en verantwoordelikhede van godsdienste en godsdienstige liggame uiteengesit word, net soos die regte van godsdienste in die *SA Handves vir Godsdiensregte en -vryhede* uiteengesit is.

‘n Gedragskode kan ook die aanloop vorm vir ander dokumente en handleidings en ook studiemateriaal wat ontwikkel kan word of dalk al ontwikkel is, ten bate van alle godsdienste in Suid-Afrika. Ons is van oortuiging dat as kerke en godsdienste beter onderrig en ingelig word oor hulle openbare verpligtinge, en hulle hulself tot die gedragskode verbind, kan dit net lei tot beter selfregering deur kerke en godsdienste en kan die misbruik van godsdiens baie beter teengewerk word.

Verderaan in e-pos stel die **SA Raad vir Godsdiensregte en -vryhede** met respek ‘n tweede **Konsep Gedragskode vir Godsdienste in Suid-Afrika** voor. Dankie vir die kommentaar wat u op die eerste weergawe gelewer het. Wees asseblief verseker dat ons noukeurig na u opmerkings en voorstelle op die eerste weergawe gekyk het. Hiermee stel ons dan die tweede weergawe van ‘n Konsepgedragskode bekend. Ons vriendelike versoek is weereens dat u asseblief noukeurig na die dokument kyk, dit met mekaar bespreek en dan u kommentaar en/of voorstelle aan ons terugstuur. Ons sal u kommentaar en/of voorstelle ernstig oorweeg en sal ‘n ge-amendeerde Kode weer aan u stuur vir verdere kommentaar en/of voorstelle. Ons hoop om op hierdie manier, met elkeen se insette en vooorstelle, ‘n dokument, met nodige bylaes, te ontwikkel, wat alle belanghebbendes (individue, kerke, godsdienste, godsdiensliggame, godsdiensbeoefenaars en ander) kan onderskryf en ondersteun as die antwoord vanuit die godsdiensgemeenskappe van Suid-Afrika op die onverkwiklike situasie wat ontstaan het.

U kan ook ‘n bydrae lewer deur hierdie skrywe en die Konsep gedragskode so wyd as moontlik bekend te stel.

Ons riglyn vir die opstel van die Konsep Gedragskode was die *Suid Afrikaanse Handves vir Godsdiens regte en -vryhede.* Aangesien ons regte altyd ook sekere pligte veronderstel kan mens sê dat die Gedragskode die keersy van die Handves is, terselfdertyd is dit egter ook meer.

Mag ons vriendelik vra dat u u kommentaar op hierdie tweede weergawe van ‘n Konsep Gedragskode nie later nie as 31 Julie 2018 aan ons sal stuur. Ons werk daaraan om die finale Gedragskode in meer van die amptelike Suid-Afrikaanse tale beskikbaar te hê.

Stuur asb u kommentaar en voorstelle aan beide Prof P Coertzen pc@sun.ac.za en Prof Rassie Malherbe r.malherbe@gmail.com
Dankie vir u aandag en wees verseker dat ons uitsien na u reaksie.

Vriendelike groete.
P Coertzen (Voorsitter: SA Raad vir Godsdiensregte en -vryhede)

Prof. Pieter Coertzen
Eenheid vir die Studie van Godsdiens en Reg/Unit for the Study of Law and Religion
Beyers Naudé Sentrum vir Openbare Teologie/Beyers Naudé Center for Public Theology
Fakulteit Teologie/Faculty of Theology
Stellenbosch Universiteit/Stellenbosch University
Stellenbosch 7600
Suid-Afrika/South Africa
Tel/faks/fax +27 (0) 21 887 2619
Fax2mail: 0867770296
pc@sun.ac.za

2. Konsep Gedragskode (2) vir Godsdienste in Suid-Afrika

KONSEP (2)

GEDRAGSKODE VIR GODSDIENSTE IN SUID-AFRIKA

AANHEF

1. AANGESIEN ons die fundamentele reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening wat deur artikel 15 van die Grondwet en verwante bepalings beskerm word, bevestig; en

2. AANGESIEN ons die uiteensetting in die Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en -Vryhede van wat vryheid van godsdiens en ootuiging in die Suid-Afrikaanse verband beteken, bevestig; en

3. AANGESIEN ons die waarheid aanvaar en na waarde skat dat die reg op vryheid van godsdiens en oortuiging ooreenstemmende pligte en verantwoordelikhede inhou wat ons onderneem om na ons beste vermoë na te kom; en

4. AANGESIEN die reg op vryheid van godsdiens en oortuiging, wat voorsiening maak dat godsdiens-instellings erkenning, beskerming en samewerking in ’n grondwetlike staat geniet as instellings met hul eie sfeer van verantwoordelikheid, ’n belangrike meganisme is vir die billike regulering van die verhouding tussen godsdienste en die staat; en

5. AANGESIEN die staat die plig het om regverdig en onpartydig in almal se belang te regeer, om uiteenlopende geloofstelsels te eerbiedig, akkommodeer en beskerm, en verhoudings billik te reguleer en diversiteit nie te ontken of uit te wis deur ’n enkele, eenvormige standaard af te dwing tot uitsluiting van verskillende gelowe en oortuigings nie, maar eerder na te streef dat vryheid van godsdiens en oortuiging ten volle deur almal geniet kan word; en

6. AANGESIEN ons, terwyl ons getrou bly aan ons geloofsoortuigings, onderneem om in die beste belang van die samelewing waarvan ons die voorreg het om deel te wees, sowel as die beste belang van ons lede en deelnemers, op te tree; en

7. AANGESIEN ons, as godsdiensgemeenskap, hoewel uniek van aard, aanvaar dat ons in en as deel van die samelewing funksioneer en onderworpe is aan die wette van die land; en

8. AANGESIEN ons met droefhed en ootmoed die onaanvaarbare gedrag wat in die godsdiensgemeenskap plaasvind, erken en enige misbruik, of skadelike of onwettige bedrywighede, wat in die naam van godsdiens plaasvind, veroordeel; en

9. AANGESIEN ons glo dat die godsdiensgemeenskap beslissend in eie geledere moet optree om hierdie gedrag aan te spreek, en duidelike standaarde moet ontwikkel om ons handelinge te rig, misbruik en uitbuiting in godsdiens te voorkom, en tot menswaardigheid en 'n gees van onderlinge respek en verdraagsaamheid tussen die mense van Suid-Afrfika by te dra;

NOU, DAAROM, terwyl ons soortgelyke kodes en dokumente erken wat reeds in bepaalde organisasies toegepas mag word, onderskryf ons die volgende gedragskode om verdere uitdrukking te gee aan ons regte, verantwoordelikhede en rol in die samelewing – binne die raamwerk van en onderworpe aan artikel 15 en verwante bepalings van die Grondwet en die Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en -Vryhede:

GEDRAGSKODE

1. Ons onderneem om die welsyn van die mense en van die samelewing as geheel in ooreenstemming met ons geloofsoortuigings te bevorder en te verbeter, en om ons te weerhou van gedrag wat die konstruktiewe rol wat godsdienste in die samelewing behoort te speel, ondermyn.

2. Aangesien godsdiens veronderstel is om menslike lewe te ondersteun en te verbeter en nie te verhinder nie, onderneem ons om lewe te eerbiedig, te beskerm en te onderhou en ons sal niks doen om lewe te devalueer, te verontmenslik of te vernietig nie.

3. Aangesien mense inherente waardigheid het, eerbiedig en onderhou ons die waardigheid van elke persoon en sal ons mense nie misbruik of uitbuit, of enigiets doen wat menswaardigheid skend of afbreek nie.

4. Ons waardeer kinders, en onderneem om in hul beste belang op te tree wanneer onder ons sorg, hulle te beskerm teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik, vernedering of uitbuiting, and hul fisiese, geestelike, morele en sosiale welsyn en ontwikkeling te bevorder.

5. Ons eerbiedig die regte van ander wat in die Grondwet uiteengesit word, insluitende die reg van elke person om in ooreenstemming met hulle oortuigings te glo, en om hulle eie geloof, wêreldbeskouing of godsdiens te kies.

6. Ons eerbiedig die reg van elke persoon om nie ten opsigte van hul godsdiens of oortuigings op enige manier gedwing, geïndoktrineer, afgeknou, lastig geval, geïntimideer, gemanipuleer of geviktimiseer te word, en om nie gedwing te

word om teen hul geloofsoortuigings te handel en aan optrede deel te neem of handelinge te verrig wat strydig met hul geloofsoortuigings is nie.

7. Ons erken die reg van elke persoon om van oortuigings, geloof, godsdiens of godsdiens-affiliasie te verander, of om ’n nuwe godsdiensgemeenskap of -instelling te vorm.

8. Ons erken die reg van elke persoon op die private of openbare, en individuele of gemeenskaplike, nakoming en beoefening van hul oortuigings op die regmatige en konstruktiewe maniere waarna die Grondwet en die Suid-Afrikaanse Handves van Godsdiensregte en -Vryhede verwys.

9. Waar ons tradisies en stelsels van persone-, huweliks- en familiereg onderhou, en praktyke daarvolgens navolg, sal ons, soos die Grondwet vereis, verseker dat sulke tradisies, stelsels en praktyke met die Grondwet strook.

10. Met inagneming van die onderskeie sfere van verantwoordelikheid van godsdienste en die staat, erken ons die staat se plig om die grondwetlike reg van vryheid van godsdiens en oortuiging te eerbiedig, beskerm, bevorder en verwesenlik en sal ons samewerking tussen godsdienste en die staat vir daardie doel aanmoedig wanneer dit toepaslik is.

11. In ons optrede binne en as deel van ’n demokratiese samelewing waarin die heerskappy van die reg geld, sal ons die Grondwet en die reg eerbiedig, die reg in al ons ondernemings nakom, en onsself en ons lede en deelnemers ten opsigte van goeie burgerskap en die nakoming van die reg inlig en opvoed.

    11.1 Ons sal nie handelinge verrig of gedrag toelaat of aanmoedig, of van ons lede en deelnemers die verrigting van handelinge verwag, wat onregmatig is of wat fisiese leed of skade aan eiendom mag veroorsaak nie.

    11.2 Wanneer ons in die uitoefening van ons regte nie met ’n skoon gewete ’n bepaalde regsvoorskrif kan nakom nie, sal ons op ’n vreedsame manier met die staat in gesprek tree om in ooreenstemming met ons geloofsoortuigings die gronde vir ons handelinge te verduidelik, met beklemtoning van die respek vir verskil van mening wat in ’n diverse samelewing vereis word, en dat die reg nie ’n instrument moet wees vir die afdwing van ’n enkele wêreldbeskouing op die samelewing nie.

    11.3 Waar ons ’n regsplig het om enige kriminele handeling waarvan ons bewus is, te rapporteer, sal ons dit doen, en ons sal met die owerheid saamwerk in die ondersoek van sulke sake en die afdwinging van die reg teen oortreders.

12. In die uitoefening van ons vryheid van uitdrukking en wanneer ons ons geloofsoortuigings met ander instemmende persone deel, sal ons die waardigheid van ander eerbiedig, sal ons nie ander op grond van hul oortuigings, geloof, godsdiens of godsdienstige affiliasie viktimiseer, verkleineer

of belaster nie, en sal ons nie haat wat op godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing tot dreigende geweld uitmaak of wat fisiese leed mag veroorsaak, verkondig nie. Verskillende oortuigings moenie te maklik as “haat” afgemaak word nie, waardeur die noodsaaklike vryhede van uitdrukking en assosiasie, wat eie is aan ’n diverse, vry en oop samelewing, onnodig beperk word.

13. Ons eerbiedig die onderwysregte van elke persoon, en moedig elke persoon en instelling in die onderwysomgewing aan om hul vryheid van godsdiens te beoefen en hul etos te ontwikkel ooreenkomstig die reëls wat deur die toepaslike owerheid gemaak word en op ’n billike, vry, vrywillige en nie-diskriminerende manier, en met behoorlike inagneming van die regte van minderhede.

14. In die uitoefening van ons reg om ons eie sake te reguleer, sal ons regmatig en eties optree, in ooreenstemming met die beginsels van verdraagsaamheid, billikheid, openheid en verantwoordingspligtigheid. Ons onderneem spesifiek om in ons interne sake die reëls van natuurlike geregtigheid na te kom vir sover hulle toepaslik is.

15. Ons sal nie die vertroulikheid en geprivilegeerde aard van ons interne sake en kommunikasie misbruik nie, en sal in hierdie verband in die belang van geregtigheid optree.

16. Ons sal toepaslike leierskaps-, bestuurs- en beheermeganismes en -prosesse instel ten einde te verseker dat ons interne werksaamhede op ’n regmatige en verantwoordelike manier verrig en hulpbronne ook so aangewend word.

17. Ons sal met eerlikheid, integriteit, sorgsaamheid en deursigtigheid ten opsigte van ons finansies en finansiële bestuur optree.

    17.1 Ons sal ons weerhou van onregmatige, korrupte, manipulerende of misleidende gedrag wanneer ons bydraes werf of fondse van lede, eksterne donateurs of ander bronne bekom.

    17.2 Ons sal die belange en welsyn van bydraers eerbiedig en nie op enige manier druk op iemand uitoefen om bo hulle vermoë by te dra nie. Ons sal niemand bedien op ’n manier wat hulle finansieel manipuleer of uitbuit nie.

    17.3 Ons sal fondse nie wanaanwend nie, sal gawes en bydraes eerbiedig en net gebruik vir die doel waarvoor dit ontvang is, en sal bydraers gereeld inlig oor die ontvangs en gebruik van sulke gawes en bydraes.

    17.4 Ons sal belange-konflikte vermy en sal persoonlike belange waar toepaslik verklaar.

    17.5 Ons sal getroue finansiële state byhou in ooreenstemming met aanvaarde finansiële praktyke. Ons sal ons finansiële state minstens jaarliks aan onafhanklike oudit onderwerp.

17.6 Ons sal deursigtig optree en, met behoud van die vertroulikheid van ondersteuning en bydraes, sal ons finansiële sake op enige toepaslike manier vrylik beskikbaar stel aan ons lede of ondersteuners.h

17.7 Ons stel onsself op enige toepaslike manier ten opsigte van bestuur en finansies verantwoordingspligtig teenoor ons lede of ondersteuners.

17.8 Behalwe vir sover ons geregtig is op redelike besoldiging, vergoeding of ander inkomste, sal ons onsself daarvan weerhou om onsself op enige manier uit die fondse van ons instelling te verryk, en om op korrupte of bedrieglike wyse te handel.

17.9 Waar toepaslik sal ons belasbare inkomste bekendmaak en belasting verskuldig getrou betaal.

© DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR DIE BESKERMING EN BEVORDERING VAN GODSDIENSREGTE EN -VRYHEDE